Sensitiewe senuwee-punte in gemeentes

Oorsake van konflik

Jan Bisschoff

Kerkspieël 2006 het ook konflikpatrone in gemeentes nagevors. Die vrae het gekonsentreer op die voorkoms van konflik en die redes daarvoor.

Die voorkoms van konflik

Tabel 1: In die afgelope twee jaar was daar enige konflik in die gemeente? (merk een)

	f	%
Geen konflik waarvan ek bewus is nie	211	26
Minder ernstige konflik	420	52
Ernstige konflik	83	10
Ernstige konflik sodat van die leier(s) en/of lidmate die gemeente verlaat het	88	11
Weet nie	7	<1
TOTAAL	809	

Uit tabel 1 is dit duidelik dat 73% van respondente (591) konflik rapporteer, en hiervan is 21% ernstig.

Die redes vir konflik

Op die vraag waaroor die konflik was, kon respondente elkeen merk wat in hulle situasie van toepassing is. Die persentasie is vir die respondente wat konflik gerapporteer het (dws 591). Hierdie persentasies gee 'n aanduiding van watter senuwees tans in gemeentes sensitief is en konflik kan veroorsaak. Dit is belangrik om te onthou wanneer die opname gedoen is – Augustus 2006. Gesprekke oor kerkeenheid wat daarná gehou is, kon 'n verdere impak op leraars se ervaring van konflik in gemeentes gehad het.

	f	%
Verandering in musiekstyl	188	32
Verandering in aanbiddingstyl	186	31
Leierskap in die gemeente	180	30
Finansies	129	22
Die Belhar-belydenisskrif	128	22
Kerkeenheid	117	20
Konflik tussen die voltydse personeel van die gemeente en die leraars	93	16
Verandering in ander programme van die gemeente	79	13
'n Nuwe gebou of verandering aan bestaande gebou	62	10
Sake rakende homoseksualiteit	60	10
Rassesake	41	7
Leerstellig	41	7
Politieke verskille	38	6
Seksuele wangedrag	22	4

AL OP JOU RAK?

BM BYBEL-MEDIA

Die Kerkorde van die NG Kerk

Met reglemente, kerkordelike riglyne en funksionele besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Junie 2007

Prys: R69.95

Bestel by:
0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA
bestel@bmedia.co.za
www.bybelmedia.co.za